# Dordt-Nuus

**Gemeenteblad Dordt Gereformeerde Kerke Orania en Alma (Los van GKSA) Julie 2024**


**ORANIA**

**Eredienstye: Sondae: Oggend: 10:00. Somer: Aand: 18:00, winter 17:30. Katkisasie: Sondae: 8:45**

**Posadres: Posbus 13, Orania 8752; Kerkplek: CVO Skool Ouditorium Orania**

**Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985. e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za**

**ALMA**

**Eredienstye: Sondae; oggend: 10:00 Katkisasie: Sondae: 12:00**

**Posadres: Posbus 62, Thabazimbi 0380 Kerkplek: Plaas Boekenhoutspoort Alma**

**Skriba & Attes. Skriba: oudl. Boeta Erasmus 079 099 6887 e-pos: erasmusboeta@gmail.com**

**Kassier: Kassier: diaken Frans Voster 082 342 8637 & e-pos: dordtgereformeerdekerkalma@gmail**


***Skrifoordenking***

## Geslagsregister verder

Prof L Floor (uit: Die Betroubare Woord – *Kom na My*, Matt.1-13, 1981:19-20)

### Drie maal Dawid

Die stamboom van Jesus is by Matthéüs baie kunstig georden: drie maal veertien geslagte. Hier kry ons al dadelik ‘n voorbeeld van Matthéüs se voorliefde vir Joodse getallesimboliek.

Dis besonder treffend dat Matthéüs vir elke periode met veertien name kom:

Van Abraham tot Dawid, veertien geslagte
Van Dawid tot die ballingskap, veertien geslagte
Van die ballingskap tot Christus, veertiengeslagte.

In die Joodse getallesimboliek is veertien die getal vir Dawid (D = 4; W = 6; D = 4). Matthéüs sê dus vir sy lesers (wat die taal van getalle verstaan het): in die geslagsregister van Jesus kry ons drie maal Dawid:

-- in die periode van Abraham tot Dawid: *Dawid in sy opgang*
-- in die periode van Dawid tot die ballingskap: *Dawid in sy ondergang*
-- in die periode van die ballingskap tot Christus*: Dawid in sy hernude glorie.*
-- Die geboorte van Christus is God se genesis, God se nuwe skepping. Met die geboorte van Christus kom die Ou Testament in vervulling, voltooi die Here, die God van Israel, die geskiedenis van sy volk en kom die koningskap van Dawid deur die diepste verval weer tot die hoogste glorie.

### Vier vroue

‘n Besondere opmerklike verskynsel in die geslagsregister van Matthéüs is dat hy vier vroue in sy lys opgeneem het. Dis geheel teen die Joodse opvatting dat naas die manlike lyn ook die vroulike afstamming meetel.

Skokkender is egter die heidense afstamming. Teenoor die sondige hoogmoed van die Jode wys Matthéüs op die skandvlekke in die heilige koningslinie en dui hy die vreemde bloed aan wat in hulle eie koningshuis aanwesig was:

*Tamar* (1:3), ‘n Filistynse vrou uit die stad Timnna (Gen.38; 49:8-12; 1 Kr.2:4).
*Ragab* (1:5), ‘n kananietiese vrou uit Jerigo (Jos.2 en 6:22-25)
*Rut* (1:5), ‘n Moabitiese vrou (Rut 1:4 en 4:10).
*Batseba*, aangedui as die vrou van Uria (1:6), ‘n Hetiet (2 Sam.11:26,27).

Sara, Rebekka, Ragel en Lea, die Joodse tradisiegeheiligde viertal, word nie genoem nie, maar vier heidense vroue (een was met ‘n heidense man getroud).

Matthéüs wys hier op die wonder van Gods genade: heidense vroue, sondaresse, is in die geslagslys van Christus opgeneem. Jesus was nie skaam om hulle Sy familie te noem nie (Heb. 2:11).

In die geslagsregister skitter reeds die liefde van Christus: Hy het uit soewereine liefde familie van sondaars en sondaresse geword.

Ten slotte wys die Heilige Gees met hierdie vier name ook daarop dat Jesus kragtens Sy geboorte reeds tot heidene in ‘n sekere betrekking gestaan het.

* * * * * * * *

**Van die kerkraad se tafel.**
‘n Groot deel deel van die Alma-gemeente sal weer DV saam met ons nagmaal vier op 4 Augustus.

* * * * * * * *

**Seënbede**
**ORANIA**
**Verjaarsdae:** Mag die volgende br’s en sr’s wat in Julie verjaar, die seën van die Here ryklik ervaar: Michal Marx die 4de; Gerhard Strauss die 9de; Sunel Marx die 16de, en Jana Tomlinson die 29ste.
**Huweliksherdenking:** Ds Koos en sr Rika Kirsten word van harte geluk gewens met die herdenking van hulle huwelik op 3 Julie. Ons bede is dat die Here ook in die volgende jaar hulle kennelik naby sal wees.

* * * * * * * *

**Lief en leed**
**ORANIA**
**Siekte**: br Wikus Venter sukkel al ‘n geruime tyd met ‘n liesbreuk en sal moontlik in Julie ‘n operasie moet ondergaan. Ons bid jou sterkte toe en mag die Here die behandeling wat voorgeskryf word tot genesing laat lei. Sr. Cecile Strauss is ook ongesteld. Mag die Here jou ook herstel. Sr Lucy Morgan het vir ‘n lang tyd sellulitis (bakteriese infeksie in die vel) van haar bene gehad wat baie pyn veroorsaak het. Op die oomblik is dit baie beter en het sy nie meer pyn nie. Haar heup gee haar nog probleme. Ons dank die Here dat Hy haar soveel beter gemaak het en mag Hy, in Sy genade, haar volkome genees.
**ALMA**
Die Familie De Villiers, Vorster en Erasmus het ‘n bietjie deurgeloop onder ‘n vroeë veldbrand wat ‘n deel van ons bergweiding opge-eis het, maar genadiglik kon ons met drie dae se volgehoue (familie) spanpoging twee derdes van die weiding red. Niemand het seergekry nie (behalwe vir blou tone en geskroeide wimpers). Ons is baie dankbaar teenoor die Here.

* * * * * * * *

# Wie en wat is... “Die DOPPER”?

Christina Vorster (was ook op facebook geplaas)

Daar heers deesdae verwarring en onkunde oor die naam ‘Dopper’. Sommige dink dit is iemand wat lidmaat is van ‘n Gereformeerde (GKSA) gemeente, ander dink dit verwys na ‘n vervelige groep mense wat onnodiglik remme aanslaan in plaas van om saam te beweeg met die vernuwing-stroom.

Nie een van die twee is reg nie, maar altwee beskik oor ‘n deel van die oorspronklike betekenis. So, om nie self skuldig te wees aan woordroof, en die ware inhoud van die woord te vervang met ‘nuwe’ inhoud nie, moet ons mooi gaan kyk:

## Wat beteken die term Dopper eintlik?

## Waar kom dit vandaan?

Ons begin by die boekie ‘Doppers’ van ds. Willem Postma (welbemind as dr. Okulis). Die doel van sy skrywe was juis “...om lig te laat skyn op die karakter en lewe van ‘n deel van ons volk wat nog lank nie reg begryp word nie en daarom geminag en misken, tot nadeel van ons volksontwikkeling en nasionale saak... die gees wat my besiel is vaderlandsliefde.”

Hy skryf: “Ek wil, met al wat ek doen, probeer help, dat die Afrikaner homself leer ken – en om onsself te ken moet ons mekaar leer ken, anders word ons bekrompe...”

Verbasend, maak hy sommer in die voorwoord al duidelik: “dat al die Doppers nie in die Dopperkerk is nie, en dat nie al die lidmate van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika egte Doppers is nie.”

“Die Doppers was lankal ‘n suiwer nasionale groep, voor daar sprake gekom het van ‘n Gereformeerde Kerk, wat juis deur Doppers gestig is en daarom die naam Dopperkerk gekry het”.

Dan skryf hy verder, “...dat die Dopperelement vernaamlik bestaan uit die konserwatief-puriteinse Hollandse families, vermeng met geesverwante Franse en Duitse families... wat teenoor die Engelse kultuur, vasgehou het aan eie lewensbeskouing en tradisies... Doppers (dompers) sou hulle dan wees omdat hulle, afkerig van die nuwe (Engelse) lig, dit vir hulle self wou blus.”

So is die Doppers dan van die begin af deur die ‘progressiewes’ geskets as ou grompotte wat niks nuuts wil toelaat nie. Dat daardie dwarskoppigheid glad nie so ‘n slegte kenmerk is nie (nie vandag nie, en ook nie toe nie) word deur die geskiedenis ruim bevestig.

Daarom sê dr. J.D. Kestell by geleentheid dat die “Dopperdom vir Kristendom en Nasionaliteit ‘n

bate is, en ‘n krag waarmee gereken moet word, en wat nie te versmaai is nie.”

En wyle ds. F. Lion-Cachet, predikant in die Ned. Geref. Kerk, se mening lui: “Die dopper-element’ is in die volkskarakter van die Transvalers van groot betekenis en van groot waarde.”

Selfs prof. John Murray, wat die Doppers ‘n ‘sekte’ noem, erken: “Wat betref die sedelikheid, handhaaf die Doppers ‘n verhewe karakter... As hy as mens beskou moet word, dan moet sy godsdiens op die voorgrond kom. Dit is die vernaamste van sy besittings.” Miskien bedoel as kwetswoord, en tog uitsonderlike lof.

‘n Mens kan nie help nie om hier te dink aan die gelykenis van ons Here Jesus in Mat. 13:44-46 oor die skat in die saailand en die kosbare pêrel.

Aan “die dopper-element” dan, het ons volk te danke, die besit van die skat en kosbare pêrel - die suiwer Woord en Bybelse beginsel.

Ds Postma skryf: “...Of ons nou dit so wil hê of nie, of ons dit ontken of erken... die Doppers van die ou dae het die eer, en verdien die dank van ons volk, dat hulle genoeg individualiteit besit het om die egte ou goud van ons puriteinse voorgeslagte te skat ver bo die blakergoud van ‘n Engelse kultuur – verkies het om hulleself te wees.... lank voor daar ‘n Dopperkerk bestaan het, ruim veertig jaar. Sodat ons hier te doene het met ‘n nasionale verskynsel en glad nie met ‘n kerk- of selfs puur godsdienstige kwessie nie.

Dat godsdiens en kerk daar later ook in betrokke was, vind sy oorsaak in hierdie dieper wortel en is maar net ‘n natuurlike vrug van die Dopper nasionale gees.”

### Kan enigeen ‘n Dopper wees?

Ds. L.S. Kruger skryf in sy boek, ‘Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk?’, “...dat ‘n Dopper gebore word en nie gemaak kan word nie... Die verskil tussen die Doppers en die ander bestaan daarin dat die Doppers na 1806 die ou fondamente van ons volksontstaan wou behou en in godsdienstige egtheid daarop wou voortbou, terwyl die ander vreemde invloed hierdie fondamente van ons volksoorsprong verlaat het om op die nuut-ingevoerde Skotse en Engelse fondamente te gaan bou. Die Dopper se godsdiens is sy lewe, en sy lewe is tot diens van God.”

“...want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.” (Mat. 6:21)

Ds. Kruger vervolg:

“Solank dit vir die Dopper duidelik was dat iets reg, heilig en goed is na die Woord van God, het hy hom daaraan gehou, daarvoor geveg en gebid. Daarom het hulle dan ook teen die geestelike vyande van die vorige eeu, die materialisme, metodisme en opportunisme, baie sterk standpunt ingeneem.

Verwyderd van die wêreldse gees en atmosfeer wat die stede oorheers het waar die engelse invloed ingedring het, het die Doppers in die verste uithoeke van die land net die Bybel as geselskap gehad waarmee hulle die aande kon deurbring en waaruit hulle kinders kon leer. En die Bybel het sterk beslag gelê op die suiwere karakterontwikkeling en innige opregtheid.”

### Geestelike vyande? Waarvandaan?

In daardie dae (soos vandag nog?) hoofsaaklik vanaf Engelse bodem.

“...omdat die Engelsman en Skot gemeen het dat Skrifgebondenheid bekrompe is, is die Dopper as kampvegter van die egtheid van die Woord bespot en gehoon.”

Vice versa. Die Boer en Afrikaner, die egte ou Dopper, het die spotters nie vertrou nie, en geweier om saam met hulle in die kring te loop, te staan of te gaan sit (Psalm 1).

“In die huislike , maatskaplike en kerklike lewe was die Doppers anti-Engels.”

Soos ds. Postma dit stel: “Omgang van Engelse met die huisgenote van die Dopper was ‘n onmoontlikheid; dit is ten enemale beskou as ‘n geestelike en sedelike gevaar...”

Benoud en bang vir die vreemde invloede? Allermins. Maar vas en seker van wat reg is, beslis.

“Ons skaam ons nie vir ons beginsel nie, ons vrees geen stroming hoe magtig ookal... God gee ons staanplek en ons sal handhaaf!” Aldus ds. Postma.

In sy boek, ‘Die Doppers in Suid-Afrika 1760-1899’, gee dr. Spoelstra dan ook hierdie pragtige getuienis van die Dopper-karakter:

“Die Doppers is dikwels verwyt dat hulle hulself ‘zonder eenigen grond der hope, voor uitverkorenen houden’.”

**Dit is die waarheid. Want Doppers is Calviniste**, en

“...Die Calvinisme wat die Afrikaner volk uit die Hollandse volksplanting geërf het, word geken aan die absolute soewereiniteit van God.

Die geïsoleerde grensboer het hierdie volslae afhanklikheid van God daagliks beleef in die gang

van die natuur, die beskerming en bewerking van sy plaas, die voorspoed en teëspoed van sy gesin. In die verste uithoek, waar geen staats- of kerkgesag hom kon bereik nie, sou hy hom nog verantwoordelik aan God se alsiende Oog gedra en die wet gehoorsaam.

Teenoor sy medemens het hy geleef as ‘n selfstandige koning, profeet en priester op sy plaas, ‘n vryheidsliewende individu.

Maar teenoor God was hy klein en diep afhanklik...”

**As jy dus jouself (of iemand anders) ‘n Dopper wil noem, dink mooi**.

Is die erns daar om die waarheid en gereformeerde calvinistiese belydenis te handhaaf teenoor dwase, metodistiese, charismatiese, progressiewe, liberale, anti-nasionale, anti-Bybelse invloede?

Is die suiwerheid van die leer, die ononderhandelbaarheid van die Skrifgesag, en die uitlewe van Bybelse beginsels op alle tereine die absolute hoofsaak?

Is spot en vertrapping deur die wêreld, ‘n werklikheid? En tog, ook die heerlike sekerheid van die erflating van die koninkryk van die Vader? Is God die grootste, en die mens, die kleinste?

**Indien die antwoord ja is, is die naam ‘Dopper’ gepas**.

“Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het ‘n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee.” (Luk. 12:32)

* * * * * * * *

**Grepe uit die kerkgeskiedenis**

# Geref.Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

## Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis

### Die “National Scouts” gemeentes (was streng gesproke nie regtig Kruisgemeentes nie - maar ds S.J. du Toit het hulle ook bedien)

### Die Engelse optrede in die oorlog teen die Boere van die twee Republieke

Omdat die Engelse die Boere in die veld nie kon baasraak nie, het hulle met ‘n verskroeide aarde beleid gekom. Die vroue en kinders is geteiken. Duisende vroue is verkrag. Hulle plase met hul huise met alles wat daarin is, het in vlamme opgegaan, asook enige oes op die lande. Hulle diere is geskiet of met bajonette doodgesteek of hulle hakskene afgekap en gelaat om te vrek, of lewendig aan die brand gesteek, waar die vroue en kinders dit alles moes aanskou het. Die vroue is skaars 10 minute gegun om die broodnodigste bymekaar te skraap. Toe is hulle soos skape na die *konsentrasiekampe* aangejaag. Selfs swanger vroue is nie ontsien nie. As hulle moes kraam is hulle sommer in die veld gelos waar hulle dikwels saam met die baba van ontbering omggekom het. Soms is die vroue en kinders op waens vervoer. Veral die die vroue wie se mans nog aktief in die veld was moes dit ontgeld. Hulle het uithongerings randsoene in die kampe gekry wat tot grootskaalse siekte en dood gelei het. Die Engelse het nie omgegee hoeveel mans, vroue en kinders daarvoor vermoor moes word nie, hulle dood was deel van hulle beleid. Dit was die rykdomme wat hulle kon roof werd. Daar was ‘n aantal “Boere” in Transvaal wat saam met die Engelse die wapen teen hulle eie mense opgeneem het wat die naam “National Scouts” of “Joiners”gekry het en wat meegewerk het om o.a. die vroue en kinders in die konsentrasiekampe te kry.

Die “Scouts” se taak was om verkenningstogte teen die Boere te onderneem en inligting in verband met die bewegings van die Boere aan die Britte oor te dra. By die Boere was daar 'n diepe veragting vir hierdie mede burgers. Eugene Marais skryf in 1903 in **Land en Volk** dat die Britte hulle ook met neerhaling en veragting bejeën het (Kobus van Tonder fb 13 Sept (2023?)).

### Geldmag – Rothchild

**“At the heart of the conflikct was the desire of the Rothchild banking dynasty to control the mineral wealth of the regions inhabited by the Dutch pioneers who had tamed the wild lands of South Africa. To fund the unending British atrocities, the Rothchilds dug deep.”** (Goodson, *The Genocide of the Boers,* p.4)

Nieteenstaande dat die Engelse die Den Haag Konvensie onderteken het, wat die mishandeling van burgerlikes in ‘n oorlog, ten strengste verbied het, is hulle deur die roofsugtige Rothchilds aangehits om elkeen van die artikels oorboord te gooi in hul waansinnige najaging van die totale beheer van die goudmyne van Transvaal (Goodson, *The Genocide of the Boers*, p.4).

"Die Bankiers het hulle doelwit behaal deur volle beheer oor die goud en ander minerale hulpbronne van Suid-Afrika te verkry...Vir die Rothchilds was die Tweede Anglo-Boere oorlog 'n volmaakte oorwinning" (Goodson, *The Genocide of the Boers*, p.18).

### Die manne wat hierdie wrede en immorele metode van onderwerping gewilliglik uitgevoer het was:

1) **Joseph Chamberlain**, sekretaris van kolonies (1896-1903). Hy was arrogant, gewetenloos en gehaat. Hy het die Boere bedrieg deur hulle te laat glo dat hy opreg 'n ooreenkoms i.v.m. die uitlanders se stemreg wou hê. Kaptein J.J. McCord het opgemerk: "No man has stood more completely condemned of bloodguilt than Chamberlain...and the cause of endless strife in a country". Maar president Paul Kruger het deur hulle skynheiligheid gesien, want hy het aan hulle gesê "julle wil nie stemreg vir die uitlanders hê nie, maar my land."
2) **Alfred Milner**, hoë kommesaris vir Suid-Afrika (1997-1901), daarna was hy aangestel as die administateur van die Boere Republike. Hy het die Boere gehaat en probeer om hulle as 'n aparte volk en kultuur te elimineer deur hulle te dwing om te verengels – 'n beleid waarin hy (gelukkig) gefaal het.

3a) **Lord Frederick Roberts**, veld-marskalk. Hy was "commander-in-chief" van die Britse leër. Na die dood van sy seun in die slag van Colense op 17 Des. 1899, het hy verbitter teen die Boere geword en op 16 Jun.1900 die verskroeide aarde beleid ingevoer, waarin by die 40 000 vroue en kinders dit moes ontgeld en in die konsentrasiekampe vermoor is.

Ds Jan Lion Cachet se seun Calman het in die Driejarige oorlog in 1901, gesneuwel, maar hoe anders reageer hy as hierdie Roberts Engelsman. Geen haat en wraak van ds Cachet nie, maar op Poortjie naby Steynsburg, skryf hy net die hartroerende gedig *Leg hem neder naast zijn moeder*.

3b) **Lord Horatio Herbert Kitchener**, veld-marskalk, volg Roberts op. Hy was 'n vrouehater, sadis en pervert wat doof en ongeraak was vir die dood en verwoesting waarmee hy die Boere mee gemartel het (Goodson, *The Genocide of the Boers,* p.4,8,9) .

Hierdie aanvoerders hierbo genoem het geen gewetensbeswaar teen die uitvoering van die beleid gehad nie.

### Rothchild bankdinastie se geld was 100 jaar tevore ook betrokke

In 1776 op 1 Mei, het die Jood Adam Weishaupt, 'n Roomse Jesuïete professor in kanonieke reg aan die Ingolstadtse Universiteit, in opdrag van Rothschild die "Christendom" verlaat en die Illuminati van Beiere begin, waaruit die Franse Rewolusie met Rothschild-finansies beplan is. Die Council of Foreign Relations (C.F.R.) en British Institute of International Affairs, ens., is frontorganisasies van die Illuminati. Hul einddoel is wêreldoorheersing deur alle bestaande regerings te elimineer en 'n Eenwêreldregering met hulself in beheer, tot stand te bring (J. Erasmus, Skrifgesag: Deel 1, 2003:135; Deel 2, 2009:269,270, 431,432)

### Die "Scouts"-kerke (vanaf 1905 deur ds S.J. duToit bedien)

Afgesien van die groep Gereformeerde Kerke onder die Kruis maar deur ds. Du Toit bedien is, het daar nog in Transvaal vanaf 1905 'n groepie gemeentes los van die Ned. Herv. of Geref. Kerk bestaan onder die naam Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal (of die sogenaamde "Scouts-kerk", soos dit in die omwandeling bekend was.). Eers vanaf 1910 het hulle die naam Gereformeerde Kerk onder die Kruis aangeneem. Hulle ontstaan was nie weens besorgdheid oor die grondslag en belydenis wat die NG kerk en/of Hervormde kerk wat nie gehandhaaf is nie. Hulle het 'n poitieke probleem gehad.

Die ontstaan van hierdie Kerk gaan direk terug na die Engelse Oorlog. Weens die verbittering en verwydering tussen die twee groepe lidmate, naamlik die "bittereinders" onder die Boere en die "scouts" of "Nasional scouts", wat wapens opgeneem het saam met die Engelse teen die Boere, het die kerk 'n uiters moeilike taak gehad om vrede en versoening tussen hulle te probeer bewerkstellig. Laasgenoemde groep was eintlik in twee groeperings:.

Die verdeeldheid was veral die gevolg van die gedrag van sekere burgers gedurende die oorlog. Daar was diegene wat hulself oortuig het, dat, ná die hoofstede in die hande van die vyand geval het, dit tevergeefs was om met die stryd teen so 'n oormag voort te gaan. Hulle het toe oorgegee. Hierdie "hands-uppers", of hensoppers, wat passief gebly het, is wel as swakkelinge beskou, maar hulle is tog geduld (Oberholster, 1956:273).

Maar met die ander groep die sg. “National Scouts” of :”Joiners” was dit anders. Hulle het daadwerklik hulp aan die vyand gegee wat o.a. meegehelp het om baie vroue en kinders in die konsentrasiekampe te laat beland, daarom het hulle die veragting van die volk op hulle gehaal. Van hulle skryf Ben D. Bouwer jr. in die Volksstem , 20 Mei 1903: "Zij schandvlekten met hun laagheid de eervolle naam van die Afrikaner of Boer (die eigenlijk slechts sinoniem zijn). Zie, daar keeren wij ons in afgrijzen van, daarvan walgt het gemoed van ieder eerlijk mensch, van elken Afrikaner die voor de eer van zijnen naam waakte als voor iets heiligs” (Oberholster, 1956:273, 274)

J.P.L. Lombaard van Pretoria is minder kras en wil dat die Sinode van die NH of Geref Kerk ’n beluit in die rigting van versoening gee”... Die toestand is onhoubaar en tevens onmogelijk, wat het is vader tegen zoon en moeder tegen dogter, en omgekeerd” (De Volkstem, 16 Mei 1903, Oberholster, 1956:274).

Waar Lombaard die saak op meriete wil behandel, daar keur Bouwer vesoening af en skryf: “Merieten? De enigste wat ik ooit heb horen aanvoeren was deze” – ‘skeuring’. Waarlijk, indien wij dit van deze onwaardigen te vreezen, dan moet er al heel weining te skeurren zijn! ... Doch kan de heer Lombaard mij zeggen wat die Afrikaanse Volk er winnen zal weer een lot menschen in zich op te nemen die eenmaal zulk een dorsland bewijs van ontrou gegeven hebben? Menschen die werkdadiglik getoond hebben dat zij bij de hoogste nood niet te vertouwen zijn?... Is ons volk er nie beter aan toe wanneer wij weten dat het van de ontrouwen gezuiwerd is zoals nu? Voor welke geval is deze bezorgdheid? Voor de eventuele stembus? Wel, dan zeg ik dat het ons in elk geval beter zou zijn alleen na de stembus te gaan dan ons te verlaten op menschen die ons eenmaal zoo schandelijk in de steek hebben gelaten en ons hoegenaamd geen waarborg kunnen geven dat zij niet het honderd maal weer zullen doen.” (De Volkstem 20 Mei 1903, Oberholster, 1956:274).

Dit is duidelik, uit Bouwer se skrywe, dat die “scouts” en die bittereinders moeilik met die regte gesindheid om die Nagmaalstafel sou kon vergader.

(volgende keer verder)

* * * * * * *

## Iets oor Bybelvertaling en vertalers



# Dr. H.C.M. Fourie

*(5 Julie 1882 – 5 Augustus 1939) (Jul 2024)*

Hermanus Cornelis Marthinus Fourie is op 5 Julie 1882 op die plaas Leliefontein in die distrik Carolina gebore. Hy is op Tugela, distrik Potgietersrus, oorlede. Daarmee is ’n veelbewoë lewe afgesluit, waarin diens aan die kerk en diens aan die Boerevolk vooropgestaan het. In sy kerklike dienswerk het hy uitgemunt as ’n toegewyde en begaafde prediker en herder.

**As teoloog van formaat en met sy besondere kennis van Hebreeus en Aramees, het hy ’n groot bydrae gelewer tot die Bybelvertaling van 1933.** Daarby was hy een van die yweraars vir die stigting van ’n Teologiese Fakulteit aan die ou TUK (later UP, Red) waar predikante van die Ned. Hervormde Kerk opgelei kon word. Hy was ook ’n volkekundige van naam en word in ’n hoë mate as die grondlegger van sy kerk se sendingbeleid beskou, terwyl hy ook die sendingaksie help uitbou het. Sy allesoorheersende liefde vir die Boerevolk was een van sy opvallendste karaktertrekke. Hy was een van die bittereinders van Mei 1902 en een van die eindvertalers van die 1933 Bybel.